



Drakensbergers presteer in die Hoëveld

Deur Marike Brits

Die Talman Drakensbergerstoet is in die Ermelo-omgewing geleë. Die eienaar, Petrus Taljaard, boer onder meer met stoet- en kommersiële Drakensbergerbeeste.

Petrus het ná sy Weermag-opleiding in die vroeë 1990's saam met sy pa begin boer in die gemengde boerdery, wat saai-, bees- en skaapvertakkings ingesluit het. "My pa het my vroeg in my lewe reeds die waarde van gemengde boerdery geleer, waar verskeie vertakkings verseker dat jou risiko versprei is," vertel hy.

Die Talman Drakensbergerstoet is in 1996 amptelik geregistreer. Uit die stoet word bulle vir die kommersiële kudde op tweejarige ouderdom geselekteer vir eie gebruik, waarna hulle op driejarige ouderdom aan die mark beskikbaar gestel word. Kopers kan dus met groter gemoedsrus beproefde bulle aankoop.

Talman Drakensbergerbulle word jaarliks op die Oos-Transvaalse Alleras-bulveiling, asook die jaarlikse veiling van die Oos-Transvaal Drakensbergerklub, aangebied.

'n Eg Suid-Afrikaanse ras

"Dit is 'n groot voorreg om met 'n eg Suid-Afrikaanse ras te boer, en om boonop ook die ras te kan bevorder. Om met 'n ras te boer waarvoor jy lief is en waarop jy trots is, is baie bevredigend," sê Petrus.

Hy sê daar is verskeie redes waarom hulle kies om met die Drakensberger te werk. Die goeie temperament van die ras bring mee dat hulle met min arbeid 'n groot trop beeste kan hanteer, sonder dat die diere onder uiterste stres verkeer.

Daarby doen die ras veral goed in sy omgewing, omdat die diere onder uiterste weersomstandighede goed presteer. "In die somermaande tel die koei op die veld gewig op met 'n kalf langs haar wat soog. Dit is myns insiens een van die beste moederlyn-rasse in Suid-Afrika."

In die kommersiële kudde word van basterkrag gebruik gemaak deur

Bos Taurus-tipe selektief te gebruik. Sodoende word die potensiaal van die diere nog verder ontsluit. Dié fokus beklemtoon ook die belangrikheid van balans in die boerdery.

Gebalanseerde fokus

"Dit is belangrik om te onthou dat te veel fokus op enige eienskap die ander eienskappe nadelig beïnvloed. Ons probeer om, in pas met die natuur, gebalanseerd op

rigting inslaan wat in jou omstandighede die winsgewendste opsie is. Hetsy dit speenkalwers vir die voerkraal is, 'n os-boerdery of speenkalwers wat self verder op die veld geneem word, die diere behaal goeie resultate. As jy goed vir hulle sorg, sorg hulle ook goed vir jou."

Volgens Petrus kan die goeie vordering wat die Drakensbergerrasse maak, daaraan toegeskryf word dat telers toenemend daarop fokus om breër



'n Groep Drakensberger-speenkalwers wat op 'n vroeë ouderdom gevriesbrand is.

elke belangrike eienskap te fokus."

Petrus voeg by dat goeie balans wat belangrike eienskappe betref, ook 'n eienskap van die Drakensbergerrasse is wat hulle verder neem met seleksie. " 'n Duimreël wat ons in die kudde toepas, is dat 'n vers op driejarige ouderdom klaar gekalf moet wees. As ons daarop fokus, selekteer ons op 'n natuurlike manier vir goeie vrugbaarheid en minder kalfprobleme. Die meeste Drakensbergerkoeie haal dié afsnytpunt."

Baie moontlikhede

Nog 'n belangrike voordeel van die ras, sê Petrus, is dat 'n Drakensberger-boerdery verskeie opsies bied. "Jy kan dus die

diere te teel wat nie net meer bespierung en beter sprong van rib het nie, maar boonop ook elke jaar 'n hoë gehalte kalf speen. "Waar met hierdie ras geboer word, word gewerk met 'n bees wat goed aangepas is en aan die hedendaagse vereistes voldoen."

Vir meer inligting, kontak Petrus Taljaard by 082 493 4173 of talmanpt@gmail.com. Skakel alternatiewelik die Drakensberger Beestelersgenootskap by 051 410 0974 of besoek die webtuiste www.drakensbergers.co.za vir meer inligting oor die Drakensbergerrasse.